Die reële ekonomiese bedrywigheid in bykans al die sektore van die ekonomie het teen 'n hoër koers as in 1978 toegeneem. Besonder skerp stygings is aangeteken in die nie-goudmynbou, die fabriekswese en die dienstesektore, en selfs in die konstruksiebedryf het die reële bedrywigheid 'n toename getoon nadat afnames in die voorafgaande drie jare aangegetek is. Die reële produk van die landbou het egter teen 'n effens laer koers as in die voorafgaande jaar gestyg, terwyl dié van die goudmynbou effens afgeneem het. Die toegevoegde waarde van die handel het in 1979 bly daal, niteenstaande 'n verbetering in die tweede helfte van die jaar.

Die vinniger ekonomiese groei in 1979 is weerspieël in 'n hoër koers van stygging in die nie-landbouwerkerverskaffing in die eerste nege maande van die jaar. Dit was in die besonder opmerklik in die private sektor terwyl die werkverskaffing in die openbare sektor geneig het om teen 'n effens laer koers as in die voorafgaande jaar te styg. In die private sektor is aansienlik hoër koers van werkverskaffing aangeteken in die mynbou-, fabriekswese- en finansiële sektor. Die toename in werkverskaffing het geleid tot 'n matige afname van die werkloosheid onder al die bevolkingsgroepe.

In teenstelling met 1978, toe die reële bruto binnelandse besteding en reële uitvoere in ongeveer gelyke mate tot die stygging in die reële bruto binnelandse produk bygedra het, het die stygging in die reële bruto binnelandse produk in 1979 hoofsaaklik voortgespruit uit 'n toename in die totale binnelandse vraag. Die reële bruto binnelandse besteding het vinniger gestyg as gevolg van 'n hoër koers van toename in private verbruiksbesteding, 'n verandering in vaste investering van 'n aansienlike afname in die voorafgaande jaar na 'n matige stygging in 1979, en 'n kleiner afname in voorrade. Daarenteen het die reële owerheidsverbruiksbesteding min of meer op syvlak van 1978 bly staan. Ekonomiese beleidsmaatreëls wat op aanwakkering van die verbruikersvraag gemik was, soos die verlaging van persoonlike inkomstebelastingskale, die vroeë terugbetaling van leningsheffings, groter maatskaplike voordele en 'n akkommoderende monetêre beleid, het in die tweede helfte

van die jaar in werking getree en 'n opmerklike versnelling in die koers van toename in die reële private verbruiksbesteding tot gevolg gehad. Dit, tesame met die toename in reële uitvoere, het die uitwerking gehad om die oorskot produksiekapasiteit te verminder en aanmoediging vir vaste investering te verskaf.

Die ekonomiese groei in 1979 was in 'n groot mate gebaseer op 'n hoër koers van toename in die reële private verbruiksbesteding. Hierdie basis vir 'n hoër groeikoers is egter deur 'n aansienlike stygging in die inflasiekoers aangetas. Alhoewel daar geen aanduiding van vraaginflasie was nie het sowel die groot-handels- as die verbruikerspryse in 1979 teen opmerklik hoër koerse gestyg as gevolg van skerp stygings in die prys van ingevoerde sowel as binne-lands vervaardigde goedere en dienste. Vanweë die hoër inflasiekoers het die reële vergoeding per werker in die nie-landbousektore van die ekonomie in die eerste drie kwartale van 1979 effens afgeneem. Alhoewel gegewens oor arbeidsvergoeding nie vir die volle kalenderjaar beskikbaar is nie wil dit voorkom asof die stygging in die reële verbruiksbesteding meer verband gehou het met 'n stygging in die reële beschikbare persoonlike inkomste wat deur 'n laer koers van stygging in die persoonlike inkomstebelasting meegebring is.

Die lopende rekening van die betalingsbalans het in 1979 'n rekordorskot getoon wat nie minder nie as 6½ persent van die bruto binnelandse produk bedra het. Die oorskot is meegebring deur 'n aansienlike toename in die waarde van die netto goudproduksie asook in die waarde van die goedere-uitvoer, en is behaal in weerwil van 'n skerp stygging in die waarde van die goedere-invoer en in die netto dienste- en oordragbetalings aan nie-ïnwoners.

Die oorskot op die lopende rekening is ongeveer gevind na deur 'n netto uitvloeiing van kapitaal. Die netto uitvloeiing het bestaan uit langtermyn-sowel as korttermynkapitaal, waarvan laasgenoemde taamlik groot terugbetalings op laste verwant aan reserwes ingesluit het. Die totale bruto goud- en ander buitelandse reserwes het in 1979 slegs marginaal as gevolg van betalingsbalanstransaksies toegeneem. Die netto reserwes het egter 'n aansienlike stygging getoon vanweë die vermindering van die laste verwant aan reserwes. Indien waardasie- en ander aansuiwerings, hoofsaaklik die herwaardasie van die goudreserwes teen 'n markverwante prys, ook in aanmerking geneem word, het die bruto reserwes skerp tot 'n nuwe rekordvlak aan die einde van 1979 gestyg. Gedurende die eerste twee maande van 1980 het die bruto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank aansienlik gestyg, gedeeltelik as gevolg van 'n toename in die Bank se besit aan buitelandse valuta.

In die buitelandsevalutamark het die rand sterk geapprecieer teenoor die VSA-dollar sowel as teenoor die geldeenheid van die meeste handelsvennootlande

met uitsondering van die pond sterling en die Duitse mark. Die geweegde gemiddelde waarde van die rand in terme van al die vernaamste geldeenheid het ook in 1979 geappresieer en hierdie appresiasie is in Januarie en Februarie 1980 voortgesit. Die wisselkoers van die finansiële rand het gedurende 1979 en die eerste twee maande van 1980 aansienlik verander. Dit is weerspieël in 'n aanmerklike vernouing van die finansiële randdiskonto.

Die monetêre groothede het in 1979 teen hoër koers as in die voorafgaande jaar gestyg. Die toename in die voorraad geld en kwasi-geld was slegs effens hoër as in 1978 maar die koers van toename in die eng gedefinieerde geldvoorraad was meer as dubbeld so hoog as in 1978. Die geld- en kwasi-geldvoorraad het gedurende die eerste helfte van 1979 in werklikheid gedaal maar in die tweede helfte aansienlik toegeneem. Op soortgelyke wyse het daar gedurende die tweede helfte van die jaar 'n sterk versneling in die koers van toename in die eng gedefinieerde geldvoorraad voorgekom. Die hoër koers van toename in die hoeveelheid geld en kwasi-geld in 1979 is meegebring deur 'n vinniger toename in die monetêre banksektor se eise teen die private sektor, 'n styging in hierdie sektor se netto eise teen die regeringsektor teenoor 'n afname in 1978, en 'n aansienlik laer koers van toename in die langtermyndeposito's van die private sektor by die monetêre bankinstellings. Die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre bankinstellings het daarenteen gedurende 1979 met 'n kleiner bedrag as gedurende die voorafgaande jaar gestyg.

Gedurende Januarie 1980 het die seisoensaangesuiwerde geld- en kwasi-geldvoorraad slegs matig verder gestyg. 'n Aansienlike toename in die monetêre banksektor se netto goud- en ander buitelandse reserwes is grotendeels geneutraliseer deur 'n afname in die netto eise teen die regeringsektor en 'n hernieuwe toename in die langtermyndeposito's van die private sektor by die monetêre bankinstellings. Boonop het die eise teen die private sektor marginaal afgeneem.

Die bankkrediet aan die private sektor het in 1979 met 'n aansienlike bedrag gestyg, wat 'n weerspieëling was van 'n baie groter vraag na krediet as in die voorafgaande jare. Die diskonteringe, lenings en voorskotte van die handels-, aksep- en monetêre algemene banke het sterk toegeneem, in die besonder huurkoapkrediet en bruikhuurfinansiering. So en behalwe die gebruiklike maandelikse verhogings, is die plafonne op die diskonteringe, lenings en voorskotte van die bankinstellings gedurende 1979 by twee geleenthede verhoog. Die onbenutte fasiliteite onder die plafonne het nogtans gedurende die jaar gedaal vanweé die banke se groter uitleenbedrywigheide. Die plafonne op die banke se beleggings in effekte van die private sektor is ook in 1979 verhoog en het 'n toename in die onbenutte fasiliteite onder hierdie plafonne te weeg gebring.

Die netto bankkrediet aan die regeringsektor, wat gedurende 1978 gedaal het, het gedurende 1979

matig toegeneem. Hierdie verandering was meer opmerklik in die netto eise van die monetêre banksektor teen die sentrale regering. Nieteenstaande 'n bykans onbeduidende styging in die skatkistekort in 1979, het die Tesourie se netto skuldpositie teenoor die monetêre banksektor gedurende hierdie tydperk aansienlik toegeneem, terwyl dit gedurende 1978 gedaal het. Die groter beroep op die banksektor was 'n weerspieëling van 'n verandering in die finansieringspatroon van die Skatkis in 1979 wat meegebring het dat kleiner bedrae van die Staatskuldkommissaris en die private nie-banksektor geleen is. Die bykans onveranderde tekort op die Skatkisrekening, in weerwil van 'n aanmerklike styging in die skatkisuitrekings, was te danke aan 'n skerp styging in die skatkisontvangste, in die besonder in inkomstebelasting- en mynuurbetalings deur die goudmynmaatskappye.

Die geldmarktoestand het voortgegaan om in 1979 en Januarie 1980 te verruum. Hierdie verruiming is weerspieël in 'n aansienlike daling in die geldmarkrentekoerse tot die einde van November en vroeg in Desember. Gedurende die laaste drie weke van Desember het hierdie koerse matig toegeneem en, afgesien van tydelike dalings, is die hoër koerse min of meer gedurende Januarie en Februarie gehandhaaf. Die opemarkbedrywigheide van die Reserwebank gedurende hierdie tydperk was daarop gemik om beleggingsgeleenthede aan 'n hoogs likwiede geldmark te voorsien en om 'n ordelike afwaartse aanpassing van die rentekoerse en, meer onlangs, 'n stabilisasie van rentekoersvlakte, te verseker. Die Bankkoers is by drie geleenthede in 1979 met $\frac{1}{2}$ persent verlaag en as reaksie hierop is die prima-oortrekkingskoers van die handelsbanke, depositorentekoerse en verbandkoerse eweneens verlaag.

Die kapitaalmark is in 1979 gekenmerk deur 'n ruim beskikbaarheid van uitleenbare fondse, 'n opmerklike toename in bedrywigheid, en 'n daling in die langtermynopbrengs- en -rentekoerse. In die mark vir vaste-rentedraende effekte is 'n betreklik klein bedrag aan nuwe fondse opgeneem maar die transaksies in die sekondêre mark het aansienlik toegeneem. Die opbrengskoerse op vaste-rentedraende effekte het aanhou daal, behalwe gedurende tydelike tydperke van stramheid teen die middel en weer teen die einde van die jaar. 'n Bloetydperk is op die aandelemark ondervind en die effektebeursomset en -pryse het vinnig tot hoë vlakke gestyg. Verdere toenames het gedurende die eerste twee maande van 1980 voorgekom. Die bedrywigheid in die verbandmark en die mark vir vaste eiendom, wat gedurende die eerste fase van die ekonomiese oplewing stadig herstel het, het in 1979 aansienlik toegeneem.

Nasionale rekening

Hoër ekonomiese groeikoers

'n Beduidend hoër ekonomiese groeikoers is in 1979 aangeteken. Die reële bruto binnelandse produk het in 1979 teen 'n koers van ongeveer 3½ persent toegeneem, vergeleke met 2½ persent in die voorafgaande jaar. Suid-Afrika se ruilvoet het in 1979 verder verbeter as gevolg van 'n hoër koers van toename in uitvoerpryse (insluitende goud) as in invoerpryse. Boonop het die reële netto faktorbetelings aan die res van die wêreld in 1979 afgeneem. Gevolglik het die reële bruto nasionale produk teen 'n hoër koers as die reële bruto binnelandse produk toegeneem, naamlik met ongeveer 5 persent vergeleke met 3 persent in 1978.




Soos in die bygaande tabel getoon word, is hoër koers van toename in die reële produksie van bykans alle sektore van die ekonomie in 1979 aangeteken, veral in die nie-goudmynbou-, fabriekswese-, konstruksie- en dienstesekture. Uitsonderings was die reële produk van die landbou, wat teen 'n laer koers toegeneem het, goudmynbou, wat sy reële produk effens afgeneem het, en die handel, wat vir die derde agtereenvolgende jaar 'n daling in reële toegevoegde waarde aangeteken het nitemstaande 'n verbetering in die tweede helfte van die jaar.

In teenstelling met vroeëre verwagtings van 'n afname, het die reële produk van die landbou in 1979 effens toegeneem as gevolg van 'n aansienlike toename in die oeste van wintergewasse, wat 'n afname in die oeste van somergewasse meer as goedgemaak het. Die reële produk van die goudmynbou was effens laer as gevolg van die ontgunning van laergraadse erts, wat op sy beurt verband gehou het met die skerp toename in die prys van goud. In die geval van die nie-goudmynbou het die reële produk egter aansienlik toegeneem as gevolg van 'n sterk buitelandse vraag na metale en minerale. 'n Skerp toename

Persentasieverandering in reële bruto binnelandse en bruto nasionale produk

	1978	1979
Primêre sektor	2	3
Landbou, bosbou en vissery	3	1
Goudmynbou	1	-½
Ander mynbou	1	9
Sekondêre sektor	3	5½
Fabriekswese	4½	6½
Elektrisiteit, gas en water	5	5½
Konstruksie	-5	1½
Tertiêre sektor	2	3
Handel en akkommodasie	-1	-2½
Dienste	3	5
Totale bruto binnelandse produk	2½	3¾
Bruto nasionale produk	3	5

Bruto binnelandse produk teen konstante 1970-pryse



het ook voorgekom in die reële toegevoegde waarde van die fabriekswese, wat hoofsaaklik 'n toename in die reële private verbruiksbesteding en in die volume van die goedere-uitvoer weerspieël het. Die reële toegevoegde waarde van konstruksie het in 1979 'n toename getoon nadat afnames in die voorafgaande drie jare aangeteken is. Neteenstaande 'n verbetering in die loop van die jaar het die reële toegevoegde waarde van die handel in 1979 in geheel gedaal, waarby die grootste afnames deur die groot- en motorhandel aangeteken is. Die reële toegevoegde waarde van die dienstesektore het in 1979 sterk toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van 'n aansienlike toename in die reële produk van vervoer, opbergung en kommunikasie wat verband gehou het met die skerp toenames in die nie-goudmynbou- en fabrieksproduksie.

Teen heersende pryse het die koers van toename in die bruto binnelandse produk van $14\frac{1}{2}$ persent in 1978 tot 20 persent in 1979 versnel. Die vergoeding van werkemers het met 15 persent toegeneem vergeleke met 11 persent in 1978, wat 'n hoér koers van toename hoofsaaklik in die mynbou, die fabriekswese en die algemene owerheid weerspieël het. Die bruto bedryfsurplus het in 1979 met $25\frac{1}{2}$ persent toegeneem teenoor $17\frac{1}{2}$ persent in die voorafgaande jaar. Die belangrikste bydrae tot die hoér koers van toename in 1979 is deur die landbou, die goudmynbou, die nie-goudmynbou, die fabriekswese en die groot- en kleinhandel gemaak.

Die verskil tussen die groeikoers in die bruto binnelandse produk teen heersende en konstante pryse duis op 'n toename van ongeveer $15\frac{1}{2}$ persent in die afgeleide bruto binnelandse produkdeflator in 1979, teenoor 'n toename van 12 persent in 1978. Die hoér koers van toename in 1979 het die gesamentlike uitwerking van 'n skerp toename in uitvoerpryse (insluitende die prys van goud) en binnelandse prysweerspieël.

Die seisoensaangesuiwerde kwartaalramings van die reële bruto binnelandse produk toon dat na 'n aansienlike toename in die eerste kwartaal en slegs matige stygings in die tweede en derde kwartale, 'n opmerklike toename in die vierde kwartaal aangeteken is. Hierdie skerp styging het nie alleen die aansienlike toename in die landbouproduksie as gevolg van die groot oeste van wintergewasse weerspieël nie, maar ook aansienlike toenames in die toegevoegde waarde van die fabriekswese en die groot-, klein- en motorhandel.

Matig hoér koers van toename in die reële bruto binnelandse besteding

Die reële bruto binnelandse besteding, wat in 1978 met $1\frac{1}{2}$ persent gestyg het, het in 1979 teen 'n matig hoér koers van ongeveer 3 persent toegeneem. In teenstelling met 1978, toe die reële bruto binnelandse besteding en die reële uitvoer in ongeveer gelyke mate tot die styging in die reële bruto binnelandse produk bygedra het, het die verdere toename in die reële bruto binnelandse produk in 1979 hoofsaaklik

Percentasieverandering in reële bruto binnelandse besteding

	1978	1979
Private verbruiksbesteding	$1\frac{1}{2}$	$2\frac{3}{4}$
Owerheidsverbruiksbesteding	$\frac{1}{2}$	—
Bruto binnelandse vaste investering	-4	2
Verandering in voorrade (<i>R miljoene</i>)	-235	-110
Bruto binnelandse besteding	$1\frac{1}{2}$	3

voortgespruit uit 'n styging in die reële totale binnelandse vraag. Die vinniger toename in die reële bruto binnelandse besteding in 1979 is verklaar deur 'n hoér koers van toename in die reële private verbruiksbesteding, die feit dat 'n afname in reële vaste investering in 1978 verander het na 'n klein toename in 1979, en 'n kleiner afname in reële voorrade. Die reële owerheidsverbruiksbesteding het in 1979 min of meer op die vlak van 1978 gebly.

Teen heersende pryse is die toename in die bruto binnelandse besteding deur die styging in die bruto nasionale produk oortref. Gevolglik is in 1979 'n aansienlik groter oorskot as in 1978 op die lopende rekening van die betalingsbalans aangeteken.


Hoér koers van toename in reële private verbruiksbesteding

Alhoewel die koers van toename in die reële private verbruiksbesteding in 1979 slegs matig hoér as in 1978 was, het 'n opmerklike versnelling in die loop van die jaar plaasgevind. In die eerste kwartaal het die reële besteding byvoorbeeld geen verandering getoon nie, maar in die vierde kwartaal het dit teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van ongeveer 10 persent gestyg. Die verbruiksbesteding is gedurende die tweede helfte van die jaar gestimuleer deur die belastingtoegewings wat in die Begroting vir 1979/80

Percentasieverandering in reële private verbruiksbesteding

	1978	1979
Duursame goedere	4	6
Meubels en huishoudelike toestelle	-1	$6\frac{1}{2}$
Persoonlike vervoertoerusting	18	7
Ontspannings- en vermaakklike goedere	—	4
Semi-duursame goedere	-1	1
Klerasie en skoeisel	-2	3
Motorbande, -onderdele en -toebehore	5	-8
Nie-duursame goedere	2	$2\frac{1}{2}$
Voedsel, drank en tabak	2	$3\frac{1}{2}$
Petroleumprodukte	5	-10
Dienste	1	3
Huur van wonings	2	2
Vervoer- en kommunikasiedienste	$3\frac{1}{2}$	$3\frac{1}{2}$
Mediese dienste	3	$3\frac{1}{2}$
Besteding deur inwoners in die buiteland	-15	5
Totale private verbruiksbesteding	$1\frac{1}{2}$	$2\frac{3}{4}$

Private verbruiksbesteding teen konstante 1970-pryse



aan individuele belastingbetalers toegestaan is, asook deur die vroeë terugbetaling van leningsheffings en groter maatskaplike voordele. Die besteding aan al die vernaamste klasse verbruikersgoedere, dit wil sê, duursame, semi-duursame en nie-duursame goedere, asook aan verbruikersdienste, het in 1979 vinniger toegeneem, met die grootste styging in die klas duursame goedere.

Onveranderde vlak van reële owerheidsverbruiksbesteding

Nadat die reële owerheidsverbruiksbesteding van 1973 tot 1976 teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van nie minder nie as 10 persent toegeneem het, het dit in 1977 en 1978 met slegs 1 persent en $\frac{1}{2}$ persent onderskeidelik toegeneem. Die beleid om discipline in die owerheidsbesteding te handhaaf is in 1979 voortgesit en die reële owerheidsverbruiksbesteding het nie bokant sy 1978-vlak gestyg nie. 'n Toename in die reële arbeidsvergoeding is deur 'n afname in die reële besteding aan goedere en ander dienste geneutraliseer. Teen konstante pryse het verdedigingsuitgawes vir die derde agtereenvolgende jaar gedaal.

Klein toename in reële bruto binnelandse vaste investering

Die daling in die reële bruto binnelandse vaste investering gedurende die voorafgaande drie jare is in 1979 omgekeer toe 'n klein toename aangeteken is. Hierdie toename was toe te skryf aan 'n verdere styging in die reële kapitaalbesteding deur openbare korporasies, met dié van die private sektor en openbare owerhede


Percentasieverandering in reële bruto binnelandse vaste investering

	1978	1979
Private sake-ondernehemings	$-4\frac{1}{2}$	-
Landbou	-2	-8
Mynbou	6	20
Fabriekswese	-14	12
Woongeboue	-16	$1\frac{1}{2}$
Ander (vervoer, handel, finansies)	$\frac{1}{2}$	-12
Openbare korporasies	11	9
Fabriekswese	44	9
Elektrisiteit, gas en water	9	7
Ander (vervoer, mynbou, finansies)	-43	24
Openbare owerhede	$-12\frac{1}{2}$	-
Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie	-31	9
Ander sake-ondernehemings	$6\frac{1}{2}$	-4
Algemene owerheid	-10	$-1\frac{1}{2}$
Sentrale regering	$-10\frac{1}{2}$	-3
Provinsiale administrasies	$-1\frac{1}{2}$	1
Plaaslike owerhede	-19	$-1\frac{1}{2}$
Totale reële bruto binnelandse vaste investering	-4	2

wat ongeveer op hul onderskeie vlakte van 1978 gebly het.

In die private sektor het die reële vaste investering deur die mynbou skerp toegeneem as gevolg van die uitbreiding van die produksiekapasiteit by die goudmynne, die oprigting van uraan-aanlegte en die skeping van bykomende produksiekapasiteit in ander mynbou ten einde in 'n hoër buitelandse vraag te voorsien. Insgeelyks het die reële vaste investering deur die fabriekswese, wat in 1978 opmerklik gedaal

Bruto binnelandse vaste investering teen konstante 1970 pryse



het, ook aansienlik toegeneem namate die oortollige produksiekapasiteit deur die styging in fabrieksproduksie opgeneem is. Die benutting van die produksiekapasiteit in die fabriekswese het byvoorbeeld van 83 persent in die eerste kwartaal van 1978 tot 87 persent in die laaste kwartaal van 1979 toegeneem. Die dalende neiging in die private woningbou sedert die middel van 1974 is in 1979 omgekeer en vir die jaar in sy geheel is 'n klein toename aangeteken. Daarenteen het die reële vaste investering deur die landbou, vervoer, en die sektor finansies en besigheidsdienste in 1979 aansienlik gedaal.

Die reële vaste investering deur die openbare korporasies, wat van 1976 tot 1978 teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van 10 persent toegeneem het, het in 1979 verder met 9 persent gestyg. Die vaste kapitaalbesteding deur Sasol en Evkom het matig toegeneem maar dié van Yskor, wat die ontwikkeling van 'n nuwe steenkoolmyn weerspieël het, het in 1979 opmerklik toegeneem.

Die reële vaste investering van die openbare owerhede het in 1979 min verandering getoon. Die vaste kapitaalbesteding van die Suid-Afrikaanse Spoerwegadministrasie wat in 1977 en 1978 skerp gedaal het, het in 1979 aanmerklik toegeneem. Hierdie toename is egter meer as geneutraliseer deur afnames in die vaste kapitaalbesteding van ander sake-ondernehemings en die algemene afdelings van die openbare owerhede.


Kleiner afname in reële voorrade

Die boekwaarde van voorrade, uitgesonderd lewende hawe, het in 1979 met sowat R2 120 miljoen toegeneem, vergeleke met R690 miljoen gedurende 1978. Die nywerheids- en handelsvoorraad het ongeveer R1 440 miljoen tot die toename in 1979 bygedra, terwyl die landbou-voorraad-in-die-handel en die diamant- en mynbouvoorraad die res van die toename veroorsaak het. Teen konstante 1970-pryse het die waarde van die voorrade in 1979 met ongeveer R110 miljoen afgeneem, vergeleke met 'n afname van R235 miljoen gedurende 1978. Klein toenames in die reële diamantvoorraad en die reële voorrade van die mynbou en die private fabriekswese en die landbouvoorraad-in-die-handel is meer as geneutraliseer deur 'n afname in die reële nywerheidsvoorraad van die openbare korporasies en van die groot- en motorhandel, asook in die waarde van die veestapel teen konstante pryse. In verhouding tot die reële bruto binnelandse produk van die nie-landbousektore, het die reële nie-landbouvoorraad in die vierde kwartaal van 1979 'n rekord laagtepunt van 29,2 persent bereik, in vergelyking met 31,6 persent in die vierde kwartaal van 1978 en die mees onlangse hoogtepunt van 38,1 persent in die derde kwartaal van 1975.

Aansienlike verdere styging in bruto binnelandse besparing

Die bruto binnelandse besparing het in 1979 met R3 996 miljoen, of 36 persent, gestyg nadat aansienlike toenames van onderskeidelik 18½ persent en 26½

Bruto binnelandse besparing as 'n persentasie van bruto binnelandse produk



percent gedurende 1978 en 1977 aangeteken is. Die bruto binnelandse besparing het in 1979 31,2 persent van die bruto binnelandse produk bedra, vergeleke met 26,6 persent gedurende die jare sewentig in die geheel. Die totale bruto binnelandse besparing het in 1979 R15 006 miljoen bedra terwyl die finansieringsbehoefte vir vaste en voorraadinvestering ten bedrae van R11 899 miljoen aansienlik laer was, wat beteken het dat 'n bedrag van R3 107 miljoen vir die vermindering van Suid-Afrika se netto skuldposisie teenoor die res van die wêreld beskikbaar was.

Al die komponente van die bruto binnelandse besparing het tot die styging in 1979 bygedra. Die persoonlike besparing, wat in 1978 matig afgeneem het, het in 1979 skerp gestyg as gevolg van 'n toename in die beskikbare persoonlike inkome wat grootliks te weeg gebring is deur 'n laer koers van toename in persoonlike inkomstebelastingbetalings. Die maatskappybesparing het egter in 1979 met 'n effens kleiner bedrag as in 1978 gestyg as gevolg van 'n proporsioneel groter verhoging van die direkte maatskappybelasting en dividendbetalings as in maatskappyinkomste. Niteenstaande 'n verdere skerp styging in ontvangste ten opsigte van maatskappybelasting het die lopende surplus van die algemene owerheid in 1979 eweneens minder as in 1978 gestyg as gevolg van laer koers van toename in die direkte persoonlike belasting, wat die toegewings wat in die Begroting vir 1979/80 toegestaan is weerspieël het, sowel as in indirekte belastings. Die voorsiening vir waardevermindering het in 1979 teen 'n hoër koers gestyg as gevolg van 'n hoër koers van toename in die prys en 'n vinniger styging in die investering teen heersende prys.

Werkverskaffing en pryse

Hoër koers van toename in werkverskaffing

Die werkverskaffing het oor die algemeen die hoër koers van toename in die reële ekonomiese bedrywigheid in 1979 weerspieël. Die koers van toename in nie-landbouwerkverskaffing in die eerste drie kwartale van 1979 het, vergeleke met die ooreenstemmende tydperk in 1978, 1,8 persent bedra, teenoor 0,9 persent in 1978. (Gegewens vir die vierde kwartaal van 1979 is nog nie beskikbaar nie.) Die hoër koers van toename in die werkverskaffing was veral opmerklik in die private sektor, terwyl die werkverskaffing in die openbare sektor geneig het om teen 'n ietwat laer koers te styg. Die werkverskaffing in die private sektor, wat in 1978 met 0,4 persent toegeneem het, het in die eerste drie kwartale van 1979 met 2,2 persent gestyg (vergeleke met die ooreenstemmende tydperk van 1978). Daarteenoor het die werkverskaffing in die openbare sektor in 1978 met 2,1 persent en in die eerste drie kwartale van 1979 met 0,9 persent toegeneem.



In die eerste drie kwartale van 1979 is hoër werkverskaffingsvlakke in bykans al die private nie-landbousektore van die ekonomie aangeteken. Aansienlik hoër koers van toename is in die werkverskaffing in die fabriekswese, mynbou en die finansiële sektor waargeneem. In die openbare sektor het die werkverskaffing deur alle owerhede en organisasies, met uitsondering van die landboubeheerraad en die universiteite, in die eerste drie kwartale van 1979 teen 'n laer koers toegeneem.

Die hoër werkverskaffingspeil is weerspieël in 'n matige afname in die werkloosheid. Die seiisoens-aangesuiwerde aantal geregistreerde werklose Blankes, Kleurlinge en Asiërs het vanaf 31 060 in Desember 1978 tot 28 070 in Desember 1979 en 24 550 in Januarie 1980 gedaal. Insgelyks het die aantal werklose Swartes in verhouding tot die ekonomies bedrywige Swart bevolking van 9,3 persent in November 1978 tot 9,0 persent in November 1979 afgeneem.

Laer koers van toename in arbeidsproduktiwiteit

In die eerste drie kwartale van 1979, waarvoor statistiek beskikbaar is, het arbeidsproduktiwiteit, soos gemeet deur die reële bruto binnelandse produk per werker in die nie-landbousektore van die ekonomie, met 0,8 persent toegeneem vergeleke met die ooreenstemmende tydperk in 1978. In 1978 het die produktiwiteit teen 'n effens hoër koers van 1,4 persent gestyg. In die fabriekswese, waarvoor daar meer uitgebreide gegewens beskikbaar is, het die produksie per man-uur in die eerste elf maande van 1979 vergeleke met die ooreenstemmende tydperk in 1978, met 2,3 persent gestyg, teenoor 3,4 persent in 1978. Die laer koers van toename in die produktiwiteit in die fabriekswese het met 'n toename van 10,0

Arbeid



percent in die arbeidskoste per eenheid van fabrieksproduksie in die eerste elf maande van 1979 gepaard gegaan. Hierdie styging was aanmerklik hoër as die koers van toename van 5,9 persent in 1978.

Effense afname in reële arbeidsvergoeding

Die gemiddelde vergoeding per werker in die nie-landbousektore van die ekonomie het in die eerste drie kwartale van 1979 met 11,8 persent toegeneem (vergeleke met die ooreenstemmende tydperk in 1978), teenoor 10,3 persent in 1978. Die toename in 1979 is egter deur verdere skerp prysstygings geneutraliseer. Reëel gesproke het die gemiddelde vergoeding per werker in die eerste drie kwartale van 1979 in werklikheid met 0,9 persent gedaal, vergeleke met 'n geringe styging van 0,2 persent in 1978. Die gemiddelde reële vergoeding van Nie-blanke werkers,

wat in 1978 met 0,9 persent gestyg het, het in die eerste drie kwartale van 1979 met slegs 0,3 persent toegeneem, terwyl dié van Blanke werkers in 1978 met 0,7 persent en in die daaropvolgende tydperk van nege maande met 'n verdere 1,0 persent gedaal het.

Hoë inflasiekoers

Alhoewel daar min aanduidings van vraaginflasie te bespeur was, het skerp stygings in die pryse van binnelands vervaardigde goedere en dienste asook in die pryse van ingevoerde goedere die inflasiekoers in 1979 tot heelwat bokant sy vlak van 1978 laat styg. Die gemiddelde maandelikse verbruikersprysindeks het in 1979 met 13,1 persent gestyg, vergeleke met 10,1 persent in 1978. Die hoë koers van toename in 1979 was hoofsaaklik die gevolg van 'n stygging van 14,4 persent in die pryse van verbruikersgoedere, wat byvoorbeeld 'n stygging van 15,4 persent in voedsel-pryse, van 52,3 persent in die pryse van petroleumprodukte en van 14,5 persent in die pryse van skoeisel weerspieël het. Die pryse van verbruikersdienste het in 1979 met gemiddeld 10,8 persent gestyg.


Op 'n kwartaalbasis het die seisoensaangesuiwerde verbruikersprysindeks in die eerste drie kwartale van

1979 agtereenvolgens teen jaarkoerse van 10,7, 11,6 en 24,4 persent gestyg. In die vierde kwartaal het die jaarkoers van toename teruggekeer tot 'n laer vlak van 10,6 persent. Van Januarie 1979 tot Januarie 1980 het die verbruikerspryse met 13,8 persent gestyg.

Die groothandelspryse het in 1979 gemiddeld met 15,3 persent gestyg, vergeleke met 9,7 persent in 1978. Skerp stygings is in die prys van binnelands vervaardigde (13,4 persent) sowel as ingevoerde goedere (20,1 persent) aangeteken. Aansienlike toenames het veral in die prys van landbouprodukte, petroleumprodukte en skoeisel voorgekom. Laer koerse van toename as in 1978 is egter in die prys van minerale, drank en tabak, en in elektrisiteits-, water- en gastariewe aangeteken.

Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die groothandelspryse in die eerste drie kwartale van 1979 agtereenvolgens met 12,9, 19,3 en 29,2 persent gestyg, voordat dit tot 13,4 persent in die vierde kwartaal verlangsaam het. Van Januarie 1979 tot Januarie 1980 het die groothandelspryse met 18,4 persent toegeneem.

Persentasieverandering in prysse



Betalingsbalans

Rekord oorskot op lopende rekening


'n Rekord oorskot van R3 107 miljoen is in 1979 op die lopende rekening van die betalingsbalans aangegetekend, nadat oorskotte van onderskeidelik R1 330 miljoen en R412 miljoen in 1978 en 1977 bereik is. In verhouding tot die bruto binnelandse produk, het die oorskot op die lopende rekening van 1,2 persent in 1977 tot 3,3 persent in 1978 en 6,5 persent in 1979 toegeneem. Op 'n kwartaalbasis en gereken teen 'n jaarkoers het die seisoensaangesuiwerde oorskot op die lopende rekening gedaal van R3 920 miljoen in die eerste kwartaal van 1979 tot R2 050 miljoen in die tweede kwartaal, voordat dit weer tot R2 380 miljoen in die derde kwartaal en R4 070 miljoen in die vierde kwartaal toegeneem het.

Die aansienlik groter oorskot in 1979 as in 1978 was die gevolg van 'n opmerklike toename in die waarde van die netto goudproduksie sowel as van 'n skerp stygging in die waarde van goedere-uitvoere en is behaal ten spyte van 'n aansienlike toename in die waarde van goedere-invoere en in die netto dienste- en oordragbetalings aan die res van die wêreld. Uitgedruk in prys- en volumeveranderings was die groter oorskot 'n weerspieëling van 'n toename in die volume van uitvoere, 'n afname in die volume van die netto goudproduksie sowel as in die volume van invoere, en 'n verdere verbetering in die ruilvoet. Die ruilvoet het verbeter as gevolg van 'n stygging in die goudprys en in die prys van die belangrikste uitvoer goedere, wat groter was as die skerp stygings in die prys van ruolie en ander invoergoodere.

Die waarde van die netto goudproduksie het as gevolg van 'n hoër goudprys van R3 864 miljoen in 1978 tot R6 003 miljoen in 1979, of met 55 persent, toegeneem. Die gemiddelde vasstellingsprys van goud op die Londense mark het met 59 persent van \$193 per fyn ons in 1978 tot \$307 per fyn ons in 1979 gestyg. As gevolg van die geleentheid om laergraadse erts te ontgin wat deur die hoër goudprys geskep is, het die volume van die netto goudproduksie in 1979 met 2,7 persent gedaal. Die goudprys het in die loop van 1979 'n skerp stygende neiging gehandhaaf en toegeneem van 'n gemiddelde vasstellingsprys van \$208 per fyn ons in Desember 1978 tot \$460 in Desember 1979. Dientengevolge het die waarde van die netto goudproduksie, teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, van R5 100 miljoen in die eerste kwartaal van 1979 tot R7 850 miljoen in die vierde kwartaal toegeneem. In Januarie 1980 het die gemiddelde goudprys tot \$675 per fyn ons gestyg voordat dit tot \$666 in Februarie gedaal het.


Die waarde van die goedere-uitvoer het met 19 persent van R7 449 miljoen in 1978 tot R8 856 miljoen in 1979 toegeneem, met 'n besonder skerp styging gedurende die tweede helfte van die jaar. Nadat die waarde van die goedere-uitvoer, teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, van R8 230 miljoen

Lopende rekening van die betalingsbalans



in die eerste kwartaal tot R7 840 miljoen in die tweede kwartaal gedaal het, het dit tot R10 020 miljoen in die vierde kwartaal en R11 150 in Januarie 1980 gestyg. Die toename in die waarde van uitvoere in 1979 is hoofsaaklik verklaar deur prysstygings. Skerp stygings is in die prys van die meeste mynbouprodukte en sommige belangrike landbouprodukte aangeteken, in die besonder in die prys van uraan, platinum, koper, diamante, nikkel, ferro-chroom, wol en mielies. Die volume van uitvoere het in 1979 met 4 persent toegeneem wat stygings in die meeste van die belangrikste mynbou- en landbou-uitvoerprodukte, met uitsondering van diamante en mielies, weer-spieël het.

Ruilvoet



Die waarde van die goedere-invoer het skerp gestyg van R8 019 miljoen in 1978 tot R9 669 miljoen in 1979, 'n styging van ongeveer 21 persent. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die waarde van die goedere-invoer voortdurend toegeneem van R7 710 miljoen in die eerste kwartaal van 1979 tot R11 260 miljoen in die vierde kwartaal. Nadat 'n hoogtepunt van R13 700 miljoen in Augustus 1979 bereik is, het die seisoensaangesuiwerde waarde van goedere-invoere afwaarts geskommel tot 'n jaarkoers-syfer van R10 300 miljoen in Januarie 1980. Toenames het oor 'n wye reeks ingevoerde goedere in 1979 voorgekom, maar besonder groot stygings is in die groep mineraalprodukte (insluitende petroleumprodukte), kunsharse en plastiekstowwe, leerprodukte, tekstiele, onedel metaalprodukte, en optiese en ander gespesialiseerde instrumente aangeteken. In teenstelling hiermee, het die invoer van masjinerie

en elektriese toerusting slegs effens toegeneem en het die invoer van vervoertoerusting op ongeveer dieselfdevlak as gedurende die voorafgaande jaar gebly.

Die volume van invoere het in 1979 effens afneem, hoofsaaklik as gevolg van 'n kleiner invoer van mineraalprodukte (insluitende petroleumprodukte). Hierdie afname het die verhouding van reële invoere tot die reële bruto binnelandse produk laat daal tot 'n lae vlak van 13,5 persent, vergeleke met 'n gemiddelde van 18,2 persent in die na-oorlogse tydperk. Invoerpryse het egter skerp gestyg as gevolg van verhoogde oliepryse en hoër inflasiekoerse in die lande van handelsvennote.

Netto dienste- en oordragbetalings aan buitelanders het van R1 964 miljoen in 1978 tot R2 083 miljoen in 1979 toegeneem omdat die styging in dienstebetalings die styging in dienste-ontvangste oorskry het. Die toename in dienstebetalings is verklaar deur hoër betalings vir vrag en versekering vanweé 'n styging in vragtariewe en in invoere, groter toeristebesteding in die buitenland, hoër dividendbetalings as gevolg van die verhoogde winsgewendheid van Suid-Afrikaanse ondernemings, in besonder goud- en ander mynboumaatskappye, en 'n toename in rentebetalings weens die hoër vlak van buitenlandse rentekoerse, nitemstaande 'n vermindering in die bedrag van uitstaande lenings.

Aansienlike netto uitvloeiing van kapitaal



Soos in die voorafgaande twee jaar is 'n aansienlike netto uitvloeiing van kapitaal in 1979 op die betalingsbalans aangeteken. Hierdie netto uitvloeiing, wat foute en weglatings op die lopende sowel as die kapitaalrekening insluit, het R3 082 miljoen beloop, vergeleke met R1 293 miljoen in 1978. Die grootste

Netto kapitaalbewegings R miljoene

	1977	1978	1979
Langtermynkapitaal			
Sentrale regering en banksektor	-58	-427	-100
Openbare korporasies en plaaslike owerhede	98	237	-139
Private sektor	256	195	-516
Totaal	296	5	-755
Korttermynkapitaal			
Laste verwant aan reserwes	-221	-437	-441
Ander kapitaal van die sentrale regering en banksektor	29	21	11
Openbare korporasies en plaaslike owerhede	103	202	318
Private sektor, insluitende onaangestekende transaksies ¹)	-964	-1 084	-2 215
Totaal	-1 053	-1 298	-2 327
Totale netto kapitaalbewegings			
	-757	-1 293	-3 082

1 D.w.s. foute en weglatings op die lopende sowel as die kapitaalrekening.

Betalingsbalans



gedeelte van die netto uitvloeiing in 1979, naamlik R2 215 miljoen, het bestaan uit 'n netto uitvloeiing van korttermynkapitaal vanaf die private sektor, met insluiting van foute en weglatings. In die loop van 1979 het hierdie netto uitvloeiing egter skerp afgegneem, naamlik van R790 miljoen in die eerste kwartaal tot R400 miljoen in die vierde kwartaal. 'n Be-

langrike faktor wat tot hierdie vorm van kapitaaluitvloeiing bygedra het, was die oorskakeling van buitelandse na binnelandse finansiering van die buitelandse handel, wat deur die hoë mate van binnelandse likwiditeit en die aansienlike rentekoersverskille tussen Suid-Afrika en die buitenland in die hand gewerk is.

Die netto uitvloeiing van langtermynkapitaal in 1979 het R755 miljoen bedra, vergeleke met 'n netto invloeiing van R5 miljoen in 1978. Die aansienlike netto uitvloeiing in 1979 het voorgekom niteensstaande 'n heelwat kleiner netto uitvloeiing vanaf die sentrale regering en banksektor en was hoofsaaklik toe te skryf aan groot terugbetelings op buitelandse lenings deur die private sektor en die openbare korporasies. Hierdie terugbetelings is deur die beskikbaarheid van fondse op die binnelandse kapitaalmark en die hoë rentekoerse op buitelandse lenings aangemoedig.

'n Netto invloeiing van korttermynkapitaal na die openbare korporasies, wat hoofsaaklik uit die korttermynfinansiering van die invoer van kapitaaltoerusting bestaan het, het in 1979 plaasgevind. Hierbenewens was daar 'n klein netto invloeiing van korttermynkapitaal na die sentrale regering en banksektor, met uitsluiting van veranderings in laste verwant aan reservewes.

Skerp skommelings het in die loop van 1979 in die netto uitvloeiing van kapitaal voorgekom. 'n Aansienlike netto uitvloeiing van R922 miljoen in die eerste kwartaal is deur 'n kleiner bedrag van R563 miljoen in die tweede kwartaal gevolg. Daarna het hierdie syfer effens tot R580 miljoen in die derde kwartaal en R1 017 miljoen in die vierde kwartaal toegeneem. Die netto uitvloeiing in die vierde kwartaal het nie alleen 'n netto uitvloeiing van korttermynkapitaal vanaf die private sektor weerspieël nie, maar ook aansienlike terugbetelings op langtermynlenings deur hierdie sektor.

Toename in goud- en ander buitenlandse reservewes

Die netto goud- en ander buitenlandse reservewes het in 1979 met R466 miljoen toegeneem, wat die totale toename gedurende die afgelope twee jare op R940 miljoen te staan bring. Indien 'n afname van R441 miljoen in laste verwant aan reservewes in aanmerking geneem word, het die bruto goud- en ander buitenlandse reservewes gedurende 1979 met R25 miljoen toegeneem as gevolg van betalingsbalanstransaksies. Nadat waardasie-aansuiwerings, in besonder die revaluasie van die goudreservewes, en die toekenning van Spesiale Trekkingsregte aan Suid-Afrika, in berekening gebring is, het die bruto reservewes gedurende 1979 met R2 052 miljoen tot 'n vlak van R4 282 miljoen aan die einde van die jaar toegeneem. Die buitenlandse-valutakomponent van die reservewes, met insluiting van Spesiale Trekkingsregte, het gedurende 1979 met R51 miljoen tot 'n vlak van R602 miljoen aan die einde van die jaar

toegeneem. Gedurende die eerste twee maande van 1980 het die goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank verder met R1 796 miljoen tot R5 831 miljoen aan die einde van Februarie toege- neem. Die Bank se besit aan buitelandse valuta het gedurende hierdie twee maande met R427 miljoen gestyg en aan die einde van Februarie R782 miljoen bedra.

Appresiasi van die rand

Ná die instelling van die nuwe wisselkoersstelsel van beheerde swelsing in Januarie 1979 het die rand teenoor die geldeenheid van die meeste van Suid-Afrika se handelsvennootlande geappresieer. Gedurende 1979 het die wisselkoers tussen die rand en die V.S.A.-dollar opwaarts geskommel van \$1,1500 tot \$1,2095 per rand, wat 'n randappresiasi van 5,2 persent verteenwoordig. Gedurende hierdie tydperk het die rand nie slegs met 29,7 persent teenoor die Japanse yen geappresieer nie, maar ook matig teenoor die Switserse frank, die Franse frank en die Nederlandse gulden. Die sterk posisie van sterleng op die buitelandse valutamarkte het egter meegebring dat die rand met 3,7 persent teenoor hierdie geld- eenheid gedepresieer het. Hierbenewens het die rand met 0,5 persent teenoor die Duitse mark gedepresieer. Die geweegde gemiddelde waarde van die rand in terme van al die belangrikste geldeenhede het in 1979 met 2,5 persent geappresieer. Die wisselkoers tussen

die finansiële rand en die VSA-dollar het gedurende 1979 aanmerklik verander. Aan die einde van 1978 het die diskonto in vergelyking met die wisselkoers tussen die kommersiële rand en die VSA-dollar 43,9 persent bedra, maar hierdie diskonto het tot 26,5 persent aan die einde van 1979 vernou.

Die sterk styging in die prys van goud en 'n ge- paardgaande toename in die besit aan buitelandse valuta het meegebring dat die rand gedurende Januarie en Februarie 1980 met 2,4 persent teenoor die VSA-dollar geappresieer het. Die geweegde gemid- delde waarde van die rand het gedurende hierdie tydperk met dieselfde persentasie toegeneem. Die diskonto op die finansiële rand het gedurende die eerste twee maande van 1980 verder afgeneem en aan die einde van Februarie 14,9 persent bedra.

Wisselkoerse



Monetêre en banktoestand

Versnelde koers van toename in die monetêre totale

Die geld- en kwasi-geldvoorraad, wat gedurende 1978 met 12 persent toegeneem het, het gedurende 1979 teen 'n effens hoër koers van 13 persent gestyg. In die geval van die eng gedefinieerde geldhoeveelheid is 'n groeikoers van 10 persent gedurende 1978 egter deur 'n baie groot toename van 21 persent gedurende 1979 gevvolg. Die versnelling in hierdie groeikoerse het voorgekom ten spyte van die vinnige styging in die uitstaande bedrag van die banke se kortlopende terugkoopooreenkomste met nie-bank private beleggers vanaf Julie 1979. Hierdie ooreenkomste, wat self grotendeels goeie plaasvervangers vir geld- en kwasi-gelddeposito's by monetêre bankinstellings is, bring mee dat die gemete hoeveelheid geld en kwasi-geld kleiner is as wat andersins die geval sou wees. Gegewens wat onlangs van die banke verkry is, toon dat die onderskatting van die geld- en kwasi-geldvoorraad uit hoofde van terugkoopooreenkomste uitstaande aan die einde van Januarie 1980 ongeveer R856 miljoen bedra het.


Op 'n kwartaalbasis het die seisoensaangesuiwerde geld- en kwasi-geldvoorraad gedurende die eerste helfte van 1979 effens gedaal maar gedurende sowel die derde as die vierde kwartaal van die jaar baie skerp teen jaarkoerse van ongeveer 30 persent gestyg. Die eng gedefinieerde geldvoorraad, ná uitskakeling van die seisoenvinloed, het gedurende die eerste kwartaal van 1979 teen 'n jaarkoers van 30 persent toegeneem, gedurende die tweede kwartaal effens gedaal, en gedurende die derde kwartaal teen 'n jaarkoers van 10 persent gestyg. 'n Rekordtoename, naamlik teen 'n jaarkoers van 52 persent, is gedurende die vierde kwartaal aangeteken. Gedurende Januarie 1980 het die seisoensaangesuiwerde geld- en kwasi-geldvoorraad slegs 'n matige verdere toename van R94 miljoen getoon.

Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld

Die hoër koers van toename in die geld- en kwasi-geldvoorraad gedurende 1979 as in 1978 is meegebring deur 'n versnelde koers van toename in die eise van die monetêre banksektor teen die private sektor, 'n styging in die netto eise van eersgenoemde sektor teen die regeringsektor teenoor 'n daling gedurende 1978, en 'n beduidend laer koers van toename in die langtermyndeposito's van die private sektor by monetêre bankinstellings. Die netto goud- en ander buitelandse reservewes van die monetêre banksektor het daarenteen gedurende 1979 met 'n kleiner bedrag as gedurende die voorafgaande jaar gestyg.

Die netto goud- en ander buitelandse reservewes van die monetêre banksektor, wat gedurende 1978 met R489 miljoen toegeneem het, het gedurende 1979

Monetêre ontleding



Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld



Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld

R miljoene

	Jaar 1978	Jaar 1979	Seisoensaangesuiwerde gegewens				
			1979				1980
			1e kw.	2e kw.	3e kw.	4e kw.	
Netto goud- en ander buitelandse reserwes	489	426	295	-28	273	-125	392
Eise teen regeringsektor							
Bruto eise	-7	58					
Regeringsdeposito's (toename -, afname +)	-246	155					
Netto eise	-253	213	-413	-69	269	431	-209
Eise teen die private sektor	1 367	1 684	274	515	259	634	-18
Langtermyndepositos (toename -, afname +)	-825	-672	-429	-157	-54	-32	-165
Netto ander bates	487	-150					
Totale oorsake van verandering	1 265	1 501	25	-68	728	807	94

verder gestyg met R426 miljoen. Die kwartaallikse veranderings in die seisoensaangesuiwerde gegewens toon opmerklike skommelings in die reserwes in die loop van die jaar. Aansienlike stygings gedurende die eerste en derde kwartale is deur dalings gedurende die tweede en vierde kwartale gevolg.

Die eise van die monetêre banksektor teen die private sektor het gedurende 1979 met 16 persent toegeneem, in vergelyking met 14 persent gedurende 1978. Belangrike toenames het gedurende die tweede en vierde kwartale van 1979 voorgekom toe seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van toename van onderskeidelik 20 persent en 23 persent aangeteken is. Die netto eise van die monetêre banksektor teen die regeringsektor, wat gedurende 1978 gedaal het, het gedurende 1979 aanmerklik gestyg. Gedurende die eerste helfte van 1979 het hierdie eise, ná uitskakeling van die seisoensinvloed, aanhou daal maar gedurende die tweede helfte was daar 'n skerp stygging. Die stygging gedurende die vierde kwartaal alleen het R431 miljoen beloop en het 'n toename in die bruto eise weerspieël wat bykans geheel en al die gevolg was van 'n vermeerderde besit aan skatkiswissels van monetêre bankinstellings (met insluiting van die Reserwebank en die Nasionale Finansiekorporasie). Hierdie stygging in die bruto eise het nie met 'n ooreenstemmende toename in die regeringsdeposito's by die monetêre banksektor gepaard gegaan nie. Die stygging in die besit aan hierdie wissels, wat gedeeltelik die gevolg was van 'n vergroting van die bedrag aan wissels wat by die weeklikse tender aangebied is, het gedurende die vierde kwartaal R541 miljoen beloop.

Die totale binnelandse kredietverlening deur die monetêre banksektor, dit wil sê die totaal van die eise teen die private sektor en die netto eise teen die regeringsektor, het gedurende 1979 met 14 persent toegeneem, teenoor 8 persent gedurende 1978. Seisoensaangesuiwerde kwartaallikse gegewens toon dat 'n daling teen 'n jaarkoers van 4 persent gedurende die eerste kwartaal van 1979 agtereenvolgens deur jaarkoerse van toename van 14, 16 en 32 persent gedurende die laaste drie kwartale van die jaar gevolg

is. Die skerp stygging gedurende die vierde kwartaal was verantwoordelik vir die aansienlike toename in die geld- en kwasi-geldvoorraad gedurende hierdie tydperk.

Die langtermyndepositos van die private sektor by monetêre bankinstellings, wat gedurende 1978 aansienlik gestyg het, het gedurende die eerste helfte van 1979 skerp aanhou toeneem. Gedurende die tweede helfte van die jaar het die stygging in hierdie deposito's, ná uitskakeling van die seisoensinvloed, egter slegs R86 miljoen bedra, vergeleke met R586 miljoen gedurende die eerste helfte. Hierdie aansienlik laer koers van toename was 'n teken van 'n duidelike verandering in beleggersentiment en -verwagtings. Gedurende Januarie 1980 is 'n skerp stygging van R392 miljoen in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre banksektor groten-deels geneutraliseer deur 'n aansienlike afname in die netto eise teen die regeringsektor en 'n hernieuwe toename in die langtermyndepositos van die private sektor by die monetêre bankinstellings. Die eise teen die private sektor het 'n geringe afname getoon.

Aansienlike toename in bankkrediet aan die private sektor

Alle komponente van die monetêre banksektor se krediet aan die private sektor het tot die aansienlike toename van R1 684 miljoen gedurende 1979 bygedra. Die kaskredietvoorskotte van die Landbank het met R128 miljoen gestyg, die beleggings in effekte van die private sektor het met R160 miljoen toegenem, en die diskontering, lenings en voorskotte van die handels-, aksep- en monetêre algemene banke het met R1 144 miljoen vermeerder. 'n Aansienlike deel van laasgenoemde syfer, naamlik R692 miljoen, het uit 'n toename in huurkoopkrediet en bruikhuur-finansiering bestaan. Verdiskonterde wissels het skerp gestyg met R203 miljoen en alle ander lenings en voorskotte het met R249 miljoen toegenem, waarvan R169 miljoen 'n toename gedurende die vierde kwartaal verteenwoordig het.

Die onbenutte fasilitete onder die banke se pla-

fonne op diskonteringe, lenings en voorskotte het in Maart en Augustus skerp toegeneem toe die gemagtigde plafonne met bedrae gelyk aan onderskeidelik 5 persent en 4 persent van die basissyfers soos op 31 Desember 1975, verhoog is. Gedurende 1979 in die geheel het die onbenutte fasilitete egter met R83 miljoen gedaal. Die daling het gedurende die vierde kwartaal nie minder nie as R509 miljoen en gedurende Desember alleen R253 miljoen beloop. Gedurende Januarie 1980 het die onbenutte fasilitete onder die plafonne effens met R9 miljoen toegeneem. Die gemagtigde plafonne op beleggings is ook in 1979 verhoog, wat meegebring het dat die onbenutte fasilitete onder hierdie plafonne gedurende die jaar 'n netto stygging van R44 miljoen getoon het. Dit is egter deur 'n afname van R12 miljoen in Januarie 1980 gevolg.


Die montêre banksektor se eise teen die private sektor is op 31 Januarie 1980 R722 miljoen te laag aangegee as gevolg van die verkoop van sodanige eise aan beleggers in die private nie-banksektor kragtens terugkoopooreenkoms.

Toename in banklikwiditeit

Die likwiditeit van alle groep bankinstellings het gedurende 1979 aamkerklik toegeneem. Die vereiste likwiede batebesit van hierdie instellings het gedurende die jaar met R506 miljoen gestyg terwyl die werklike likwiede batebesit met nie minder nie as R887 miljoen toegeneem het. Hierdie skerp stygging in die werklike likwiede batebesit is hoofsaaklik deur 'n toename van R438 miljoen in die buitelandse sektor se bydrae tot die bankinstellings se likwiditeitsbasis meegebring. Die regeringsektor se bydrae tot die toename in die likwiditeitsbasis het R37 miljoen bedra, wat uit 'n daling van R257 miljoen gedurende die eerste helfte van die jaar en 'n toename van R294 miljoen gedurende die tweede helfte bestaan het.

Die oorskotlikwiditeitsverhouding ten opsigte van alle groep banke het van 3,1 persent aan die einde van 1978 tot 4,7 persent aan die einde van 1979 gestyg. Die oorskotlikwiditeit van monetêre bankinstellings het gedurende die jaar aansienlik toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van 'n skerp stygging in die oorskotlikwiditeit van die handelsbanke. Die oorskotlikwiditeit van die ander bankinstellings, met

Sektorale oorsprong van banke se besit aan likwiede bates



Kwartaalsyfers van 1975 tot 1977. Maandsyfers van 1978 tot 1979

uitsluiting van twee banke wat besig is om hul sakebedrywigheede te beëindig, het gedurende 1979 matiger toegeneem deurdat 'n opmerklike toename

Oorskotlikwiditeitsverhoudings van bankinstellings

%

	1979					1980
	Des.	Mar.	Jun.	Sept.	Des.	Jan.
Monetêre banke						
Handelsbanke	3,8	3,9	3,9	6,2	6,3	2,6
Ander	2,0	3,3	2,0	1,8	1,8	1,9
Totaal	3,2	3,8	3,2	4,8	4,8	2,4
Ander banke	0,2	3,9	2,9	4,6	1,2	1,3
Alle banke	3,1	3,7	3,2	4,8	4,7	2,4

gedurende die eerste drie kwartale van die jaar grotendeels deur 'n afname gedurende die laaste kwartaal geneutraliseer is.

As deel van die monetêre beleidsveranderings gedurende 1979 is die likwiede batevereistes vir bankinstellings in Maart effens verlig. Die aanvullende vereistes met betrekking tot die toenames in "groot" banke se kort- en middeltermynverpligtings teenoor die publiek vanaf September 1975 is van 20 en 8 persent tot 10 en 4 persent, onderskeidelik, verlaag. Die vereiste ten opsigte van toenames in die korttermynverpligtings van "ander" banke is heeltemal afgeskaf.

Gedurende Januarie 1980 het die oorskotlikwiditeit van die handelsbanke skerp gedaal van 6,3 persent tot 2,6 persent. Die oorskotlikwiditeit van al die ander banke het daarenteen gedurende die maand effens verbeter.

Die geldmarktoestand en -rentekoerse

Die geldmarktoestand het gedurende 1979 en vroeg in 1980 oor die algemeen aanhou verruim. Tydelike tydperke van stramheid is egter oor die meeste maandeindes ondervind, in die besonder in Februarie en Augustus 1979 en Februarie 1980. Korttermynveranderings in die marktoestand is hoofsaaklik veroorsaak deur die vloei van fondse na en van die regeringssektor en deur veranderings in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank en, in 'n mindere mate, deur veranderings in die bedrag aan banknote in omloop.

Die daggeldlenings aan die diskontohuise was gedurende Januarie 1979 op 'n betreklik laevlak maar het daarna gedurende die grootste deel van die tydperk Februarie tot April tot vlakke van goed bô R700 miljoen toegeneem. Gedurende die oorblywende deel van 1979 en in Januarie, Februarie en vroeg in Maart 1980 het hierdie lenings op vlakke van tussen R800 miljoen en ongeveer R1 200 miljoen gebly en op 27 Februarie R1 196 miljoen bedra. Die vrye saldo's van die monetêre bankinstellings by die Nasionale Finansiekorporasie en die akkommodasie wat deur die Reserwebank aan die diskontohuise verleen is, het die skommelings in die geldmarktoestand en die gebruiklike vernouing oor die maandeindes in 1979 en die eerste twee maande van 1980 weerspieël. Oor die meeste maandeindes was hierdie vrye saldo's of uitgeput of het dit op baie laevlakte gestaan, terwyl wisselende bedrae aan akkommodasie gedurende die tydperke van stramheid oor die maandeindes aan die diskontohuise verleen is.

Die geldmarkrentekoerse het gedurende die eerste elf maande van 1979 hulle afwaartse neiging voortgesit maar gedurende die laaste drie weke van Desember effens gestyg. Daarna het hierdie koerse gedurende die grootste deel van Januarie gedaal, gedurende Februarie gestyg maar vroeg in Maart weer ongeveer tot hulle vlakke soos aan die einde van Desember gedaal. Die koers op bankaksepte van drie maande het byvoorbeeld van 7,90 persent op 5 Januarie 1979

Geldmarkrentekoerse



tot 4,10 persent op 7 Desember gedaal voordat dit tot 4,60 persent op 28 Desember gestyg het. Hierdie koers het op 29 Februarie 4,80 persent en op 7 Maart 4,70 persent beloop. Die koers op verhandelbare depositosertifikate van drie maande en die basiese daggeldkoers van die diskontohuise het 'n min of meer soortgelyke verloop getoon. Die skatkiswisseltenderkoers het gedaal van 7,39 persent op 5 Januarie 1979 tot 3,81 persent op 23 November voordat dit tot 4,20 persent op 28 Desember gestyg het. Ná 'n tydelike daling gedurende Januarie het dit tot 4,27 persent op 29 Februarie 1980 gestyg maar weer tot 4,20 persent op 7 Maart gedaal.

Die opemarkbedrywigheide van die Reserwebank gedurende 1979 was daarop gemik om beleggingsgeleenthede aan 'n hoogs likwiede geldmark te verskaf ten einde 'n ordelike afwaartse aanpassing van die rentekoerse en, teen die einde van die jaar, die stabilisasie van rentekoersvlakke, te verseker. Die netto verkope van effekte het R959 miljoen bedra, waarvan R690 miljoen uit netto verkope gedurende die tydperk Augustus tot Oktober bestaan het. Gedurende Oktober en die eerste deel van November is spesiale skatkiswissels-op-aanvraag ten bedrae van R300 miljoen verkoop. Die vervaldatum van hierdie wissels is beplan om saam te val met die tydperk van seisoenale stramheid aan die einde van Februarie 1980. Gedurende Januarie en Februarie 1980 is opemarkverkope van effekte van R97 miljoen aangegaan en verdere spesiale skatkiswissels-op-aanvraag ten bedrae van R50 miljoen is in Januarie uitgereik. In Februarie is skatkiswissels ten bedrae van R25 miljoen van die Nasionale Finansiekorporasie verkry en hierdie wissels is daarna in die mark verkoop.

Die Bankkoers is op 6 Februarie, 17 Maart en 13 Augustus 1979 met $\frac{1}{2}$ persent verlaag, waardeur die koers van 8,5 tot 7 persent verminder is. As reaksie op hierdie veranderings is die prima-oortrekkingskoers van die handelsbanke stapsgewys van 11,5 tot 9,5 persent verlaag. Die depositorentekoerse is ook in 1979 verlaag en die koers op kennisgewingdeposito's van 31 dae by die handelsbanke is byvoorbeeld verlaag van 7 persent tot 'nvlak wat wissel tussen 4 en 4,5 persent.

Staatsfinansies

Hoë koers van toename in skatkisontvangste

Die ontvangste op die Skatkisrekening (uitgesonderd lenings) het in 1979 met 22 persent tot R9 728 miljoen gestyg, vergeleke met 'n toename van 16 persent in 1978. Die hoë koers van toename in 1979, die grootste sedert 1974, was die gevolg van 'n aansienlike toename in die inkomstebelasting- en mynhuurbetalings deur goudmynmaatskappye, 'n vinniger styging in ander inkomstebelastingontvangste, en die feit dat die algemene verkoopbelasting vir 'n volle jaar ingevorder is, vergeleke met 'n tydperk van ses maande in 1978.

Inkomstebelasting- en mynhuurbetalings deur goudmynmaatskappye het in 1979 R1 143 miljoen bedra, of 57 persent meer as in 1978, en was 'n uiting van die toename in die winste wat deur die skerp styging in die goudprys teweeggebring is. Goudmynmaatskappye het in 1979 11,9 persent van die totale inkomste-invorderings bygedra, teenoor 9,1 persent in 1978. Die bydrae in 1979 was egter nog heelwat laer as die ooreenstemmende syfer van 15,3 persent in 1974. Die ontvangste aan inkomstebelasting van ander belastingbetalers as goudmynmaatskappye het in 1979 met 12 persent toegeneem, teenoor 3 persent in 1978, ondanks die feit dat die belastingtoegewings wat in die Begroting vir 1979/80 aan individuele belastingbetalers toegestaan is, eers gedurende die tweede helfte van die jaar in werking getree het. Die betreklik hoë koers van toename in 1979 was 'n weerspieëeling van die groei in die inkomstebelastingbasis, met inbegrip van hoër maatskappywinstes en 'n toename in persoonlike inkomste, asook van die progressie in persoonlike inkomstebelastingkoerse.

Die invorderings van algemene verkoopbelasting het in 1979, die eerste volledige kalenderjaar waartydens hierdie belasting ingevorder is, R1 213 miljoen bedra. Die invorderings in 1979 het dié in 1978 met R829 miljoen oorskry en meer as vergoed vir die verlies aan inkomste wat voortgespruit het uit die

Staatsinkomstefonds¹ – Hoofkomponente van inkomste

R miljoene


	Kalenderjaar		Fiskale jaar geëindig Maart		April tot Des.
	1978	1979	1979	1980 ²	1979 ³
Doeanereg	362	420	371	446	439
Bobelasting op invoere	368	272	359	236	242
Aksynsreg	951	975	983	1 023	932
Algemene Verkoopbelasting	384	1 213	672	1 175	1 258
Inkomstebelasting- en huurbetalings deur goudmyne	727	1 143	862	855	1 118
Ander inkomstebelastingbetalings	3 733	4 179	3 799	3 795	4 335

1. Met inbegrip van bedrae wat aan aangrensende gebiede betaal is kragtens Doeane-Unie-ooreenkoms.

2. Begröttingsramings.

3. Seisoensaangesuiwerde sylers teen 'n jaarkoers.

Inkomste-invorderings – Staatsinkomstefonds



afskaffing van die verkoopreg ten tye van die instelling van die algemene verkoopbelasting in Julie 1978.

In teenstelling met die hoër koers van toename in die invordering van inkomstebelasting en algemene verkoopbelasting, het inkomste in die vorm van doeane- en aksynsreg in 1979 effens gedaal. Hierdie daling was die gevolg van die verlaging van die bobelasting op invoergoedere van 12% persent tot 7% persent in Maart 1979.

Die skatkisontvangste was gedurende die eerste nege maande van die fiskale jaar 1979/80 21 persent hoër as gedurende die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande fiskale jaar. Die toename in ontvangste gedurende die fiskale jaar in sy geheel sal derhalwe feitlik seker aansienlik hoër wees as die 4

persent wat in die Begroting in die vooruitsig gestel is. Gedurende die eerste nege maande van die huidige fiskale jaar was die ontvangste vanaf goudmyntmaatskappye slegs R20 miljoen laer as die Begrottingsraming vir die fiskale jaar in sy geheel, en verdere betalings sal teen die einde van Februarie 1980 ontvang word. Ander inkomstebelastingontvangste het gedurende die eerste nege maande van die fiskale jaar 77 persent van die Begrottingsraming vir die fiskale jaar in sy geheel verteenwoordig, terwyl slegs 67 persent van werklike ontvangste gedurende die eerste nege maande van die fiskale jaar 1978/79 ingevorder is.

Voortsetting van hoër koers van toename in skatkisuitreikings

Die hoë koers van toename in skatkisuitreikings in 1978 is in 1979 voortgesit. Uitreikings het in 1979 met 17,5 persent tot R11 897 miljoen gestyg nadat 'n toename van 17,0 persent in 1978 aangeteken is. Gedurende die eerste nege maande van die fiskale jaar 1979/80 was skatkisuitreikings aan staatsdepartemente 20 persent hoër as gedurende die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande fiskale jaar. Hierdie toename was aansienlik hoër as die Begrottingsraming van 12 persent vir die fiskale jaar in sy geheel, hoofsaaklik as gevolg van die feit dat bewilligde fondse vroeër as in die voorafgaande jaar deur staatsdepartemente aangevra is. Uitreikings aan die departemente het gedurende die eerste nege maande van die fiskale jaar 76 persent beloop van die totale bedrag wat oorspronklik deur die Parlement bewillig is, vergeleke met 73 persent gedurende die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar. 'n Addisionele Begroting wat voorsiening maak vir besteding van R352 miljoen is vroeg in Maart by die Parlement ingedien. Die Minister het te ken gegee dat 'n groot gedeelte van die bykomende bewilligings gefinansier sal word uit besparings deur staatsdepartemente en dat die netto bykomende besteding ongeveer 2 persent van die oorspronklike Begrottingsramings sal bedra. Selfs as hierdie bykomende bewilligings in aanmerking geneem word, sal die uitreikings gedurende die eerste kwartaal van 1980 waarskynlik slegs marginaal hoër wees as die vlak in die ooreenstemmende kwartaal van 1979 en sodoende die koers van toename in die skatkisuitreikings gedurende die fiskale jaar in sy geheel verminder.

Klein toename in skatkisrekeningtekort


Die tekort op die Skatkisrekening, uitgesonderd lenings en skuldaflassing, het in 1979 R1 269 miljoen bedra, of slegs R24 miljoen meer as in 1978. By die financiering van hierdie tekort het die Tesourie slegs een openbare uitgifte van staatseffekte gedoen, maar aansienlike bedrae aan effekte en spesiale skatkisiswissels is aan die Reserwebank beskikbaar gestel vir die doel van ope-marktransaksies.

Die patroon van die skatkisfinansiering in 1979 het van dié in 1978 verskil. Die Tesourie het kleiner

Skatkisrekening



Finansiering van Skatkistekort



bedrae van die Staatskuldkommissaris en die private nie-banksektor geleent maar sy netto skuldposisie teenoor die monetäre banksektor verhoog, terwyl sy netto skuldposisie in 1978 verminder is. Net soos in die voorafgaande twee jare, is daar in 1979 egter netto terugbetaalings van buitelandse skuld gemaak. Van die bedrag wat in 1979 van die private nie-banksektor geleent is, het R193 miljoen (of 22 persent

Skatkisrekeningfinansiering

R miljoene

Tekort	Kalenderjaar		April tot Desember	
	1978	1979	1978	1979
	2 145	2 169	1 771	1 851
Finansiering:				
Binnelandse bronre				
Staatskuldkommissaris ¹	993	888	823	420
Private nie-banksektor	1 425	881	1 234	627
Monetäre banksektor	-54	553	-185	712
Buitelandse bronre	-219	-153	-101	92
Totaal	2 145	2 169	1 771	1 851

¹ Insluitende die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese.

van die totaal) bestaan uit 'n toename in hierdie sektor se besit aan bemarkbare staatskuldbewyse terwyl R688 miljoen uit leningsheffings en beleggings in nie-bemarkbare skuldbewyse bestaan het. In 1978 het 'n aansienlik groter bedrag van die lenings wat by die private nie-banksektor geplaas is, naamlik R790 miljoen (of 55 persent van die totaal), bestaan uit 'n toename in die besit aan bemarkbare skuldbewyse.

Wanneer die finansiering van die tekort op die Skatkisrekening in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1979/80 vergelyk word met dié in die ooreenstemmende tydperk van die fiskale jaar 1978/79, kom die verskille duideliker na vore. Soos in die bygaande tabel getoon word, het die beroep op die monetäre banksektor 'n belangrike deel van die finansieringsprogram in 1979/80 uitgemaak, terwyl die Tesourie se netto skuldposisie teenoor die monetäre banksektor in 1978/79 verminder is. Daarbenevens was die Tesourie in 1979/80 'n netto lener by die buitelandse sektor, terwyl daar in 1978/79 netto terugbetaalings van buitelandse skuld gemaak is.

Spoorwegbegroting

Die Begroting van die Suid-Afrikaanse Spoorweg-administrasie vir 1980/81 is op 5 Maart 1980 deur die Minister van Vervoerwese by die Parlement ingedien. Daar word verwag dat die lopende finansiële jaar, wat op 31 Maart 1980 eindig, met 'n tekort van R136,9 miljoen, of R64,4 miljoen minder as die oorspronklike Begrotingsramming, sal afsluit. Hierdie gunstige resultaat sal behaal word as gevolg van groter bystand, ten bedrae van R105 miljoen, deur die sentrale regering in die vorm van rentekwytskelding en subsidies wat daarop gemik is om die verliese wat op passasiersvervoerdienste gely word, te verminder. Die bedryfsuitgawes gedurende die finansiële jaar 1980/81 word geraam op R4 385 miljoen, 'n toename van 15,9 persent in vergelyking met die hersiene ramings vir die finansiële jaar 1979/80. Die styging in die bedryfsuitgawes spruit hoofsaaklik voort uit groter arbeidskoste, wat die algemene salaris- en loonverhogings vanaf 1 April 1980 weerspieël, en die

hoër koste van brandstof en verbruiksvoorrade. Teen die bestaande tariewe word die inkomste vir die finansiële jaar 1980/81 geraam op R4 028 miljoen, of 10,4 persent meer as in die voorafgaande jaar. Om die gevolglike bedryfstekort van R357 miljoen te finansier, het die Minister verhogings van 'n wye reeks pad-, spoor- en lugvervoertariewe en hawegelde vanaf 1 April 1980 voorgestel. Daar is in die vooruitsig gestel dat hierdie verhogings gedurende 1980/81 R361 miljoen sal oplewer, en daar word verwag dat die jaar met 'n oorskot van R4 miljoen sal afsluit.

Die bruto investering deur die Suid-Afrikaanse Spoerwegadministrasie gedurende 1980/81 word geraam op R1 169 miljoen, of bykans 29 persent meer as die hersiene raming vir die finansiële jaar 1979/80. Die grootste deel van die kapitaalbesteding sal gefinansier word deur lenings wat van die Tesourie verkry sal word, maar 'n aansienlike gedeelte sal uit die Administrasie se eie bronne gefinansier word. Volgens raming sal R150 miljoen in die buiteland geleent word.

Poskantoorbegroting

By die indiening van die Poskantoorbegroting vir 1980/81 op 18 Maart het die Minister van Pos- en Telekommunikasiewese verklaar dat die lopende inkomste gedurende die jaar geëindig Maart 1980 na verwagting ongeveer 3 persent hoër sal wees as wat oorspronklik beraam is in weerwil van die uitstel van die aangekondige tariefverhogings vir 'n tydperk van vyf maande. Besteding in 1979/80 sal na verwagting ongeveer 1 persent laer as die oorspronklike ramings wees. Daar word beraam dat die bedryfsinkomste gedurende die finansiële jaar 1980/81 met 19,4 persent tot R1 090 miljoen sal styg en uitgawes met 19,7 persent tot R961 miljoen. 'n Belangrike deel van die toename in besteding bestaan uit salarisverhogings wat op 1 April 1980 in werking sal tree. Daar word geraam dat kapitaalbesteding in 1980/81 met 19,3 persent tot R425 miljoen sal toeneem en daar word verwag dat 56 persent van hierdie bedrag gefinansier sal word uit die bedryfsurplus en die voorsiening vir waardevermindering.

Kapitaalmark

Kleiner vraag na fondse in die mark vir vaste-rentedraende effekte

Die mark vir vaste-rentedraende effekte het in 1979 aanhou verruum. Nie alleen was die vraag na uitleenbare fondse in hierdie mark aansienlik kleiner as in 1978 nie, maar 'n verdere skerp toename in bruto binnelandse besparing het ook as basis gedien vir 'n groter aanbod van uitleenbare fondse. Die marktoestand en opbrengskoerse is egter ook beïnvloed deur 'n groter belangstelling by beleggers in die aandele-, vaste eiendoms- en verbandmarkte as beleggingsvelde, sowel as deur die seisoensverandering in die beweging van fondse in die finansiële markte en deur onsekerhede aangaande verwagte opbrengskoersbewegings. In hierdie omstandighede het die opbrengskoerse op langtermyn vaste-rentedraende effekte in die algemeen gedurende 1979 hulle afwaartse beweging voortgesit, alhoewel die koerse van Mei tot Julie en weer van November tot Desember geneig het om te verstewig.

Die opbrengskoers in die sekondêre mark vir langtermynstaatseffekte het van 9,72 persent in Desember 1978 tot 9,15 persent in Oktober 1979 gedaal voordat dit tot 9,32 persent in Desember gestyg het. Ooreenstemmende veranderings in die langtermynopbrengskoers op semi-prima-effekte van die hoogstegraad was van 9,95 persent in Desember 1978 tot 9,52 en 9,53 persent in Oktober en Desember 1979 onderskeidelik. Die opbrengskoers op

Opbrengskoerse in sekondêre mark



maatskappyskuldbriewe het gedurende die eerste nege maande van 1979 van 11,18 persent tot 10,77 persent gedaal voordat dit tot 11,17 persent in November toegeneem het. Gedurende Januarie en Februarie 1980 het die opbrengskoerse op vaste-rentedraende effekte weer na laer vlakke teruggekeer. Die langtermynopbrengskoerse op prima- en semi-prima-effekte en op maatskappyskuldbriewe het gedurende Februarie onderskeidelik 9,26, 9,48 en 10,67 persent beloop.

Die fondse wat deur middel van netto nuwe uitgiftes deur die openbare sektor in die mark vir vaste-rentedraende effekte opgeneem is, met uitsluiting van die toename in die betrokke leners se besit aan hul eie effekte, het R656 miljoen, of R1 400 miljoen minder as in 1978, beloop. Hierdie afname is hoofsaaklik meegebring deur 'n netto aflossing van effekte ten bedrae van R336 miljoen deur die sentrale regering, in teenstelling met netto nuwe uitgiftes van effekte ten bedrae van R916 miljoen in 1978. Hierbenewens het die openbare korporasies en die plaaslike owerhede 'n effens kleiner bedrag as in die voorafgaande jaar geleent. Netto nuwe uitgiftes van leningseffekte deur maatskappye in die private sektor wat op die effektebeurs genoteer is, het van R222 miljoen in 1978 tot R190 miljoen in 1979 gedaal.

Die waarde van prima- en semi-prima-effekte wat op die effektebeurs verhandel is, het sterk toegeneem

van R639 miljoen in 1978 tot R2 916 miljoen in 1979. Die dalende neiging in die omset van hierdie effekte teen die einde van die jaar is in Januarie en Februarie 1980 omgekeer. 'n Nuwe rekordomset van R544 miljoen is in Februarie aangeteken.


Bloetydperk op die aandelemark

Die aandelebeursomset sowel as aandelepryse het gedurende 1979 aansienlik gestyg. Die aantal aandele wat op die effektebeurs verhandel is, was 48 persent hoër as in 1978, terwyl die aandelepryse in Desember 1979 gemiddeld 72 persent hoër was as in Desember 1978. Die toename in omset en aandelepryse het teen die einde van 1979 aansienlik versnel as gevolg van die skerp styging in die goudprys sowel as in die prys van ander metale en kommoditeite in die algemeen, 'n meer optimistiese beoordeling van Suid-Afrika se ekonomiese vooruitsigte en die belangstelling van institusionele beleggers in beleggings op die aandelemark.

Die prys van mynbou-aandele het in 1979 die grootste styging getoon. Hierdie styging het 91 persent beloop, in vergelyking met stylings van 62 en 54 persent in die prys van finansiële aandele en van nywerheids- en handelsaandele, onderskeidelik. Die opmerklike styging in aandelepryse gedurende 1979 het voorgekom ten spyte van die dempende effek van die netto verkope ten bedrae van R119 miljoen van genoteerde Suid-Afrikaanse aandele deur buitelanders hoofsaaklik met die oog daarop om finansiële rand te skep, en van nuwe aandele-uitgiftes ten bedrae van R294 miljoen deur maatskappye wat op die effektebeurs genoteer is. Aandelepryse het gedurende Januarie en Februarie 1980 verder gestyg en die allesomvattende aandeleprysindeks het gedurende hierdie tydperk met 11 persent gestyg.

Die gemiddelde dividendopbrengskoers op alle klasse aandele het gedaal van 6,76 persent in Desember 1978 tot 5,05 persent in Desember 1979 en 4,75 persent in Februarie 1980. Hierdie opbrengskoersveranderings het meegebring dat die omgekeerde

Netto uitgiftes van binnelandse bemarkbare vaste-rentedraende effekte*



Persentasieverandering in aandelepryse


	1977	1978	1979	1980 Jan. en Feb.
Mynbouaandele				
Goud	16,8	18,8	107,2	7,9
Steenkool	13,2	32,2	54,0	8,3
Ander metale en minerale	31,4	33,6	41,7	15,0
Finansiële aandele				
Mynbou	15,7	24,3	102,3	9,7
Nywerheid en algemeen	16,5	22,6	47,7	20,3
Vaste eiendom	-11,5	-2,2	71,1	23,4
Banke en versekerings	22,6	13,2	46,5	12,7
Nywerheidsaandele	8,7	14,0	56,1	11,8
Handelsaandele	-3,2	30,0	39,3	16,0
Alle aandele	13,7	19,5	71,7	10,6

rendementsgaping tussen aandele en langtermynstaatseffekte van 2,96 persent in Desember 1978 tot 4,27 persent in Desember 1979 en tot 4,51 persent in Februarie 1980 vergroot het.

Nieteenstaande die bloeitydperk op die aandelemark, het die effektetrusts gedurende 1979 'n netto uitvloeiing van fondse ten bedrae van R16 miljoen in

die vorm van netto terugkope van onderaandele ondervind. Die skerp toename in aandelepryse het die markwaarde van hulle netto bates egter met 50 persent verhoog, naamlik van R390 miljoen aan die einde van 1978 tot R585 miljoen aan die einde van 1979. As 'n weerspieëling van hierdie toename het die gemiddelde verkoopprys van onderaandele in 1979 met 55 persent gestyg.

Effektebeurs




Voortgesette groot vloei van langertermynfondse na deposito-nemende en verwante spaarinstellings

Die groot vloei van langertermynfondse in 1978 na bankinstellings, bouverenigings, deelnemingsverbandskemas en staatspaarafasiliteite het in 1979 op 'n nog hoër vlak voortgeduur. Die totale vloei van langertermynfondse na hierdie instellings het in 1979 R3 144 miljoen beloop, vergeleke met R2 590 miljoen in 1978. As gevolg van 'n verskuwing na korttermyndeposito's en ander beleggingsmoontlikhede, soos aandele en vaste eiendom, het die koers van invloeiing van langertermynfondse in die loop van 1979 egter betekenisvol afgeneem.

In teenstelling met 1978 was die bouverenigings gedurende 1979 in staat om aansienlik groter bedrae aan langertermynfondse as bankinstellings te trek. Die invloeiing van sodanige fondse na die bouverenigings het in 1979 met 70 persent toegeneem, terwyl die invloeiing na bankinstellings effens kleiner as gedurende 1978 was. Die vloei van fondse na die

Bouverenigings



**Vloei van langertermynfondse na finansiële instellings
(Seisoensaangesuiwerde gegewens)**

R miljoene

	1978		1979		
	Jaar	1e kw.	2e kw.	3e kw.	4e kw.
Bankinstellings	1 285	396	326	193	224
Bouverenigings	943	447	410	332	415
Deelnemingsverbandskemas	-21	-2	-6	-10	4
Staatspaarfasilitete	383	98	107	98	112
Totaal	2 590	939	837	613	755
					3 144

staatspaarfasilitete het marginaal bo die hoë vlak van 1978 gestyg, terwyl die uitvloeiing van fondse vanaf deelnemingsverbandskemas voortgeduur het as gevolg van die gebrek aan vraag na die soort van verbandfinansiering wat deur hierdie skemas voorsien word.

Die ongewone groot toevloeiing van langertermynfondse na die verskillende instellings het tot gevolg gehad dat deposito- en verwante rentekoerse by verskeie geleenthede in die loop van 1979 verlaag is. Hierdie koerse is in die algemeen met $\frac{1}{2}$ persent op 'n keer gedurende Februarie, April en Augustus verlaag.

Skerp toename in bedrywigheid in die vaste eiendoms- en verbandmarkte

Die bedrywigheid in die vaste eiendoms- en verbandmarkte het gedurende 1979 skerp toegeneem. Die waarde van transaksies in vaste eiendom was in 1979 34 persent hoër as in 1978. 'n Verdere aanduiding van die toename in die bedrywigheid in die vaste eiendomsmark gedurende 1979 was die toename van 38 persent in die waarde van bouplanne goedgekeur. Die bruto bedrag van die verbandlenings wat deur bouverenigings toegestaan is, was in 1979 74 persent hoër as in die voorafgaande jaar, en die bedrag van die verbandlenings uitstaande het gedurende 1979 met R980 miljoen, of 15 persent, toegeneem tot 'n vlak van R7 552 miljoen aan die einde van die jaar. Verpligtigs ten opsigte van verbandlenings toegestaan maar nog nie uitbetaal nie het meer as verdubbel van R410 miljoen aan die einde van 1978 tot R880 miljoen aan die einde van 1979.

Niteenstaande die toename in verbandfinansiering deur bouverenigings, was die vraag na verbandlenings onvoldoende om die fondse wat vir hierdie doel beskikbaar was te absorbeer. Gevolglik het die bouverenigings gedurende 1979 'n toevoeging van R613 miljoen tot hulle voorgeskrewe beleggings gemaak. Hulle oorskotbesit aan voorgeskrewe beleggings bo die statutêre minimum het gedurende 1979 van 6,0 tot 9,7 persent van hulle verpligtigs teenoor die publiek toegeneem.

Die bouverenigings het die koerse op hul verbandlenings vir woonhuise in April 1979 met $\frac{1}{2}$ persent verlaag tot 'n patroon van 9,5–11,5 persent. In Julie is hul koerse op ander verbandlenings ook met $\frac{1}{2}$ persent verlaag tot 'n patroon van 11,0–12,0 persent.

Op 20 Februarie 1980 is 'n verdere verlaging van die verbandkoers op huislenings aangekondig, waardeur die patroon van hierdie koerse tot 9,0–11,0 persent verlaag is. Die verbandkoers op lenings deur deelnemingsverbandskemas toegestaan is in die loop van 1979 stapsgewys van 10,8 tot 9,1 persent verlaag.